**Die Here voorsien Rebekka as vrou vir Isak**

**Gen 24:1-67**

**10 Desember 2023**

1. Vantevore: Na Sara se dood het Abraham ‘n graf gekoop as eiendom. Dit het ‘n familiegraf geword vir die stamvaders en hulle vrouens, was ‘n simbool van hoop vir die 400 jaar tot inname van die land. Abraham se liggaam is reeds 4000 jaar in die graf. Jesus het net ‘n graf geleen, net vir 3 dae, toe het Hy opgestaan. Gelowiges se liggame sal opstaan met die wederkoms, waarna die volle vervulling van die beloftes van die Here volg.
2. Gen 24: ‘n Vrou vir Isak, en oorgang van Abraham na Isak – ‘n mooi verhaal met gelukkige einde
3. Abraham se opdrag aan sy slaaf (Gen 24:1-10)
    a. V2: Slaaf is moontlik Eliëser (vgl Gen 15:2-3)
    b. V3-4: Moet vrou vir Isak gaan haal – nie uit die Kanaäniete (nageslag van Gam) nie, wel uit Abraham se familie (nageslag van Sem) (Gen 9:25-26, 10:15, 11:10-27), Isak moet in beloofde land bly
    c. V6-8: Abraham vertrou die engel van die Here sal leiding gee
4. Die ontmoeting tussen die slaaf en Rebekka (Gen 24:11-27)
    a. V11-14: Slaaf bid tot die Here om spesifieke toets goed te keur
    b. V15-16: Rebekka is Nahor se kleindogter (vgl Gen 22:20-23)
    c. V17-21, 24-27: Rebekka slaag die toets, en is familie – die slaaf is oortuig sy is die vrou vir Isak – prys die Here in aanbidding
5. Die ontmoeting tussen die slaaf en Rebekka se familie (Gen 24:28-61)
    a. V28-32: Die slaaf word gasvry ontvang
    b. V34-40: Die slaaf se toespraak om hulle te oortuig: (1) Abraham is ryklik geseënd (2) Al is Isak ‘n vorige geslag as Rebekka, is hy eers laat gebore (3) Isak is enigste erfgenaam (4) Rebekka is familielid (5) Rebekka het die toets by die put geslaag – is deur die Here aangewys as die vrou vir Isak
    c. V50-52: Laban en Betuel stem saam, die slaaf aanbid weer die Here
    d. V57-58: Rebekka is oortuig: Sy wil saam gaan en Isak se vrou word
6. Die ontmoeting tussen Isak en Rebekka (Gen 24:62-67)
    a. V63-67: Isak is ook oortuig Rebekka is sy vrou – trou met haar, is lief vir haar
7. Wat leer ons uit hierdie gebeure? (4 Aspekte)
    a. Vordering in die openbaringsgeskiedenis: Abraham se nageslag kan nou groei deur Isak met Rebekka as vrou, terwyl hulle in beloofde land woon
    b. Verskeie individue neem inisiatief en tree gehoorsaam op: (1) Abraham stuur sy slaaf met opdrag binne die perke van die verbond (2) Die slaaf trek gehoorsaam, stel toets voor om regte vrou te kies, oorweeg Rebekka krities, oortuig homself, oortuig haar familie, bring haar veilig by Isak (3) Rebekka se familie stuur Rebekka (4) Rebekka gaan gehoorsaam (5) Isak neem Rebekka as vrou
    c. Individue besef hulle afhanklikheid van die Here: (1) Abraham vertrou die engel van die Here sal lei (2) Die slaaf soek die leiding van die Here by die put, dank die Here as hy oortuig is Rebekka is die een, dank die Here as Laban/Betuel instem
    d. Deurlopende voorsiening van die Here: laat weet Abraham Nahor het kinders, lei slaaf direk na regte put en na regte vrou, selfs ongelowige familie word oortuig, Rebekka word oortuig, Isak word oortuig
8. Toepassing: Al 4 aspekte moet saamwerk in ons opdrag om God se koninkryk te laat groei